# VOORGESTELDE WYSIGING AAN DIE STRUKTUUR VAN AGRI NW

(vir bespreking by die Algemene Raadsvergadering op 19 Junie 2018)

Ten einde doelmatig en effektief te funksioneer is dit noodsaaklik dat Agri NW sy strategie deurlopend sal beoordeel en aanpas soos wat veranderde omstandighede dikteer.

Die implikasie is verder dat strukture wat uit die strategiese benadering tot stand kom ook onderhewig is aan hersiening indien nodig.

Vanweë die beperkings wat tyd, geld en doelmatigheid as faktore stel is dit daarom onafwendbaar dat die bestaansreg en samestelling van die Uitvoerende Komitee bevraagteken moet word.

Die Uitvoerende Komitee bestaan tans uit die Dagbestuur, Spesialiteitskomiteevoorsitters en Streeksverteenwoordigers.

Dit is ŉ baie groot en lomp vergadering as gevolg van die aantal lede betrokke en is ŉ duur vergadering om aan te bied vanweë die reiskostes.

Die verkiesing van Streeksverteenwoordigers per Distriksmunisipaliteit is ŉ nalatenskap van die oorspronklike Grondwet van Agri NW. Die verantwoordelikhede wat aan hierdie persone toegeken is kon in werklikheid nooit realiseer nie, omdat dit nie prakties uitvoerbaar was nie. Dit het onder andere besoeke aan grondvlakaffiliasies se vergaderings en kontrolering van ledegeld betalings ingesluit maar was ŉ onrealistiese verwagting omdat dit nie deur die verkose lede nagekom kon word nie.

Die aanbeveling aan die Algemene Raad is dus dat Streeksverteenwoordigers nie langer verkies sou word nie.

Die Spesialiteitskomiteevoorsitters se deelname is streng gesproke beperk tot hul spesialiteitskomiteeterreine en hul het nie direkte belang by die ander aangeleenthede wat bespreek word nie.

Die voorstel aan die Algemene Raad is dus dat daar weggedoen word met die huidige Uitvoerende Komitee-struktuur en dat daar slegs ŉ Dagbestuur-struktuur bly voortbestaan.

Die Dagbestuur kan dan by geleentheid wanneer dit vereis word spesifieke Spesialiteitskomiteevoorsitters ontbied om aan vergaderings deel te neem om hul insette te lewer indien dit geregverdig is. Die gevestigde samewerkende werkswyse tussen Agri NW-Hoofkantoor en die Spesilaiteitskomiteevoorsitters gaan onveranderd voort.

Gefokusde Spesialiteitskomiteevergaderings met verkose Affiliasieverteenwoordigers, asook by geleentheid met Agri NW-lede, gaan voort in ooreenstemming met die behoefte en aktuele vraagstukke wat aangespreek moet word.

Die Dagbestuur se gesag en bevoegdhede bly onveranderd in terme van die Grondwet en onderhewig aan die gesag en dissipline van die Algemene Raad, die tweede hoogste gesag naas die Kongres van Agri NW.

Die praktyk om die Algemene Raad se bywoning oop te stel om alle grondvlakaffiliasies se leierskap in te sluit (Uitgebreide Algemene Raad) gaan onveranderd voort met die behoud van geweegde stemreg in ooreenstemming met die Grondwet van Agri NW. Dit gee aan grondvlak-affiliasies die geleentheid om inligting eerstehands te ontvang en aan besprekings deel te neem.

Agri NW-Affiliasies moet verkieslik hul geskeduleerde vergaderingdatums volgens hul Jaarbeplanning aan Agri NW-Hoofkantoor bekend maak. Indien dit nie vooraf beskikbaar is nie dan vooraf met ŉ billike tydperk van kennisgewing aan Agri NW-Hoofkantoor, wanneer dit gaan plaasvind.

Hierdie vergaderings kan dan deur ŉ Dagbestuurslid op versoek van die Affiliasie, of indien ŉ Dagbestuurslid beskikbaar is, bygewoon word om eerstehands met lede op grondvlak te kommunikeer.

Hierdie voorgestelde veranderinge aan die struktuur van Agri NW sal die koste-effektiwiteit en doelmatigheid van die Organisasie verbeter en nie afbreek doen aan sinvolle deelname en besluitneming in ooreenstemming met die gesag van die Grondwet nie.